Verwysing: 20170822-4021
3/1/3/1
Navrae: Kringbestuurders

Omsendbrief: 0029/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale van spesiale openbare skole en lede van beheerliggame

Kort opsomming: *Voorsiening van 2018 se opvoederdiensstate aan spesiale openbare skole*

Onderwerp: Voorsiening van 2018 se opvoederdiensstate aan spesiale openbare skole

1. 2018 opvoederdiensstate

1.1 Die 2018 opvoederdiensstate van spesiale openbare skole is bepaal volgens die hersiene posvoorsieningsnorme wat in 2007 deur die Komitee van Onderwyshoofde goedgekeur is, en ingevolge die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se aanbevole norme, soos in 2007 met die onderwysersunies en die beheerliggaamverenigings ooreengekom.

1.2 Hierdie opvoederdiensstate sal op 31 Augustus 2017 op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS), onder die skakel van *Administration (Establishments)* gepubliseer word.

2. Maatreëls (breë beginsels)

2.1 Posstruktuur

Die posstruktuur en beskrywings vervat in die Personeel Administratiewe Maatreëls, soos gepromulgeer deur die Minister van Basiese Onderwys in Staatskoerant No. 39684, gedateer 12 Februarie 2016 is van toepassing op opvoederdiensstate.

2.2 **Skoolgradering**

Skole word ooreenkomstig die Personeel Administratiewe Maatreëls, soos gepromulgeer deur die Minister van Basiese Onderwys in Staatskoerant No. 39684, gedateer 12 Februarie 2016 gegradeer.

2.3 **Poste wat op 31 Desember 2017 verval**

Ingevolge die maatreëls van die Hersiene Posverspreidingsmodel, moet gewone openbare skole en spesiale openbare skole teen 30 September van die voorafgaande jaar van hul jaarlikse onderwysdiensstate voorsien word. Dus, vir die 2017 akademiese jaar sal alle onderwysdiensstate wat aan gewone openbare en spesiale openbare skole uitgereik is op 31 Desember 2017 verval.

3. Vul van geadverteerde poste

3.1 Alle poste wat reeds in 'n departementele vakaturelys geadverteer is, mag permanent gevul word, mits daardie poste op die diensstaat vir 2018 verskyn.

3.2 Indien 'n geadverteerde pos nie op die diensstaat vir 2018 verskyn nie, is die skool nie op daardie pos geregtig nie en sal sodanige pos as foutiewelik geadverteer beskou word.

3.3 Die bepaling dat 'n geadverteerde pos (veral 'n bevorderingspos) slegs gevul kan word indien dit nie veroorsaak dat 'n botallige onderwyser geskep word nie, bly van krag.

3.4 Indien die prinsipaal en die beheerliggaam van mening is dat die posbeskrywing van die geadverteerde pos nie langer aan die kurrikulumbehoeftes van die inrigting voldoen nie, mag hulle die WKOD versoek om die pos te beskou as foutiewelik geadverteer. 'n Gedetailleerde verduideliking, wat deur die prinsipaal en die voorsitter van die beheerliggaam onderteken is, moet sodanige versoek vergesel.

3.5 Ten einde stabiliteit in 2018 te verseker, beoog die WKOD om die omskakelproses te gebruik om Posvlak 1-poste vir aanstelling op 01 Januarie 2018 te vul. Waar poste vasgelê is om in Vakaturelys 2/2017 geadverteer te word en die skool 'n geskikte onderwyser geïdentifiseer het wat van tydelike tot permanente status omgeskakel kan word, kan die advertensie van die konsep- vakaturelys verwyder word.

4. Vul van vakante substantiewe poste (gebaseer op opvoederdiensstate van 31 Augustus 2017)

4.1 Die Departement ondervind steeds die finansiële beperkinge ten opsigte van die Vergoeding van Werknemers (VvW) -begroting vir die 2017/2018 tot 2019/2020 mediumtermyn uitgaweraamwerke. Een van die strategieë wat in 2017 ondersoek is,

was om die impak van die VvW-uitgawe te verminder deur botallige onderwysers effektief te bestuur, wat die laterale oorplasing van onderwysers tussen skole met vakatures en die benutting van botallige onderwysers waar kurrikulumuitdagings ervaar is, ingesluit het.

4.2 Die departement sal weer maatreëls implementeer en die effektiewe gebruik en aanwending van botallige onderwysers in 2018 noukeurig monitor. Die volgende stappe sal binne die tydsraamwerke wat geïdentifiseer is, gedoen word:

Intervensie en aktiwiteite	Tydsraamwerk
Alle onderwysers wat nie in die 2018 onderwysdiensstate vir 2018 geabsorbeer kan word nie, word formeel botallig verklaar.	01–30 September 2017
Distrikte identifiseer geskikte poste vir onderwysers wat botallig verklaar is vir 2018 en konsulteer met prinsipale/ beheerliggame vir die plasing van die botallige onderwysers. Formele plasingsbriewe sal uitgereik word aan botallige onderwysers wat gepas en in vakante substantiewe poste vir 2018 geplaas kan word.	01–31 Oktober 2017
Distrikte voorsien Hoofkantoor van 'n lys met onderwysers wat nie geplaas kan word nie, vir plasing in ander distrikte.	31 Oktober 2017
Hoofkantoor maak aanbevelings aan distrikte vir plasing in distriksposte.	01–30 November 2017
Formele plasingsbriewe word uitgereik aan botallige onderwysers wat paslik in vakante substantiewe poste vir 2018 geplaas kan word.	01–30 November 2017
Botallige onderwysers wat nie geplaas kan word nie, moenie by skole se roosterbeplanning vir 2018 ingesluit word nie.	10 Desember 2017

In gevalle waar skole addisionele onderwysers as gevolg van groei in leerdertalle benodig, sal distrikte met prinsipale/beheerliggame vir die plasing van botallige onderwysers onderhandel. Formele plasingsbriewe sal uitgereik word aan onderwysers wat paslik geplaas kan word.	15 January 2018

4.3 Onderwysers wat reeds botallig verklaar is, gebaseer op vorige opvoederdiensstate en in ooreenstemming met vorige prosesse, en wat steeds botallig is, behou hul botallige status. Hierdie onderwysers sal ingevolge die geldende kollektiewe ooreenkomste van RAVO hanteer word.

4.4 Onderwysers wat permanent aangestel is, moet ingevolge Kollektiewe Ooreenkoms 4/2016 van RAVO geïdentifiseer word.

4.5 Daar sal voortgegaan word met pogings om botallige onderwysers gedurende die 2018 akademiese jaar te plaas waar onderwysers die diens van die WKOD verlaat en waar die botalige onderwysers se profiel aan die kurrikulumvereistes van die vakante pos/te voldoen.

4.6 **Aanstelling van pas gekwalifiseerde onderwysers**

'n Ander strategie om die kostes op die VvW-begroting te verminder is om eerder pas afgestudeerde onderwysers in die WKOD aan te stel as onderwysers wat reeds teen hoë salarisse betaal word. Sodoende tref ons voorsorg dat nuwe, jonger onderwysers in diens van die WKOD tree.

'n **Pas afgestudeerde onderwyser** word gedefinieer as 'n finalejaarstudent en/of 'n gekwalifiseerde onderwyser wat die afgelope drie jaar gegradueer het en nog nooit in diens van die staat was nie. Hierdie groep sluit Funza Lushaka-beurshouers in.

Terselfdertyd erken ons dat skole die laaste woord behoort te hê om die beste persoon vir die posisie te gekies. Ten einde te verseker dat ons die verskillende belange balanseer, moet prinsipale en beheerliggame die Hoof van Onderwys by die WKOD direk skriftelik nader (en die tersaaklike Distriksdirekteur hierby insluit) indien hulle ernstige besware teen die aanstelling van sodanige pas afgestudeerde onderwysers by hul skole het, en die resultaat van hul petisie afwag. Sodanige petisies moet minstens twee weke voordat die onderwyser diens moet aanvaar, ingedien word sodat elke geval na behore oorweeg kan word.

4.7 **Aanstelling van geskik gekwalifiseerde onderwysers**

Slegs gekwalifiseerde onderwysers met 'n ROKW 13 of hoër kan vir vakante onderwysposte oorweeg word. Die WKOD sal die reg uitoefen om ander onderwysers

aan te stel slegs indien geen gekwalifiseerde onderwysers uit bogenoemde kategorieë geïdentifiseer kan word nie.

5. Navrae

Rig asseblief alle navrae aangaande hierdie omsendbrief (maatreëls, ens.) aan die tersaaklike kringbestuurder.

6. Algemeen

Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle onderwysers en lede van die beheerliggaam gebring word

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-08-31